

Gebed vir Lydenstyd

Here Jesus

In hierdie dae word ons weer in verbystering stil voor u liefde: dat U gekom het na die wêreld toe om te sterf. Ons is verbysterd daaroor, Here, want dis nie soos ons is nie. Dankie dat U nie soos ons is nie, Here. Dankie dat U Usself gegee het tot in die dood. Dankie dat U ons Verlosser geword het.

Ons aanbid U, Here Jesus, Koning van die kerk en van ons lewens. Wil U tog in hierdie dae opnuut Usself aan ons verbind; wil U ons asseblief deur u Heilige Gees verander dat ons soos U kan word, U kan navolg, onself kan aflê. Word U tog meer in ons, Here Jesus, sodat dit nie meer ons sal wees wat lewe nie, maar U in ons!

O Seun van God wat gekom het om u lewe vir ons af te lê, hoor ons gebed!

Skenk ons die visie, o Vader, om soos U na die wêreld te kyk. Om nie die wêreld te sien as 'n probleem nie, maar as mense wat u liefde en u genade nodig het, mense wat iewers langs die pad die spoor byster geraak het, sodat U in Christus Jesus hulle weer kom soek het. Vergewe ons dat ons net dié liefhet wat vir ons liefhet, dat ons net vir hulle bid wat naby ons staan, dat ons tevrede is om met ons eie klein kringetjie gelowiges voort te gaan.

O Vader wat nie behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en kan lewe, hoor ons gebed!

En nou, o Gees van God, bid ons dat U in ons sal werk, sodat Christus in ons lewens verheerlik sal word. Verander ons, dat ons hoe langer hoe meer soos Jesus sal word. Bly met ons besig, o Gees, totdat die dag kom waarop elke knie voor Christus sal buig en elke tong sal bely: Jesus is Here!

Dit vra ons alles met die gebed dat U verheerlik sal word in ons.

Amen.

Safenat-Paneag verwelkom sy vader in Egipte

GOSEN. - Die hoof van die GVE het gister hier aangekom om sy vader, Jakob seun van Isak, in Egipte te verwelkom. Dit was 'n aandoenlike oomblik toe die twee mekaar na 'n skeiding van meer as twintig jaar weer gesien het. Hulle het mekaar omhels en lank so gestaan en huil. Daarna het die waardige ou man, wat reeds honderd en dertig jaar oud is, kopskuddend vir sy seun gesê: "Nou kan ek maar sterf. Ek het jou gesien. Jy lewe nog!"

- Lees hiervan in [Gen. 46:1-7](#), en [28-34](#).

FILISTYNSE MAGTE IN DIE SPOOKLAAGTE VERPLETTER

JERUSALEM. - Met briljante krygsvernuf het koning Dawid die militêre oorheersing van die Filistyne in die Kanaänitiese vlaktes finaal verbreek. Die Filistyne het die afgelope drie eeue die oorhand op militêre gebied gehad met hulle beter krygstuig en strydwaens, sodat die Israeliete baie swaar geleef het, veral in die vrugbare vlaktes waar hulle geen teenvoeter vir die strydwaens gehad het nie. Net in die onbegaanbare bergland kon hulle hul man staan. Die Israeliete het gehoop dat koning Saul hulle van dié oorheersing kon bevry, maar hy kon nooit werklik die Filistyne se houvas breek nie. Nou het koning Dawid egter die onmoontlike reggekry. Die slag van Spooklaagte was waarskynlik die laaste geveg teen die Filistyne.

- Lees hiervan in [2 Sam. 5:17-25](#).

Minister in sop na minagting van dekreet

BABEL. - Die aangewese eerste minister van die Ryk van Mediërs en Perse, Beltsasar, is gisteraand laat in 'n leeu kuil gegooi omdat hy koning Darius se bidverbod verbreek het.

Die bidverbod is onlangs met 'n koninklike dekreet ingestel op aanbeveling van die ander twee ministers en die goewerneys-generaal, raadgewers en administrateurs van die ryk. Daarvolgens moet enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir die koning, in 'n leeu kuil gegooi word. Daarby is die dekreet as 'n wet van die Mediërs en Perse uitgevaardig en derhalwe onherroeplik. Beltsasar, beter bekend as Daniël onder sy volksgenote, het egter die dekreet verontagsaam. Hy is 'n toegewyde Jood en het soos tevore drie maal elke dag tot sy God, die God van die hemel, gebid. Hy is op heter daad betrap waar hy gebid het en voor die koning gedaag.

Dié verwikkeling het as 'n groot skok vir die koning gekom. Dit is bekend dat koning Darius groot vertrouwe in Beltsasar gehad het. Toe hy aan bewind gekom het, het hy hom aangestel as een van sy drie ministers aan wie die honderd en twintig goewerneys-generaal van die ryk verantwoordelik was. Beltsasar het egter deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning besluit het om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

Allerhande vrae het intussen ontstaan oor die afdwingbaarheid van 'n wet van Mediërs en Perse. Dit is duidelik dat dié wet as 'n strik misbruik is in 'n fyn uitgewerkte set van Beltsasar se vyande om van hom ontslae te raak. Koning Darius het die vonnis so lank moontlik uitgestel, maar het uiteindelik geen ander keuse gehad nie as om Beltsasar in die leeu kuil te laat gooi. So is die ryk van een van sy knapste burgers beroof, en dit teen die koning se sin in.

- Lees alles hieroor in [Dan. 6](#).

Die Bybelkoerant

Die voorreg van aanbidding

Ek onthou uit my kinderdae 'n dominee wat elke Sondag iewers in sy kanselgebed die Here gedank het “vir die voorreg van aanbidding”. Vir my as jong seun het dié mooiklinkende woorde nie veel beteken nie. Vandag weet ek van beter. Gebed is 'n onuitspreeklike groot voorreg. Sonder gebed sou ons geloof versmoor. G'n wonder nie dat gebed die asemhaling van die siel genoem word. Daniël het dít goed begryp. Die hele boek Daniël is trouens een groot getuienis van sy en sy drie vriende se volhardende ywer om God, en Hom alleen, te aanbid. Vir hierdie voorreg het hy geen kompromieë toegelaat nie, selfs al sou dit sy lewe kos. Dit sien ons ook in die lewe van Jakob, wat nie sommer halsoorkop op 'n wa klim om sy lankverlore seun te gaan ontmoet nie. Nee, voordat hy vertrek, bring hy eers 'n offer om só vir God te raadpleeg. En Dawid, teen hierdie tyd 'n gesoute en uitgeslape militaris wat behoort te weet hoe om te veg, pak ook nie 'n enkele geveg aan voordat hy God geraadpleeg het nie. Aanbidding is inderdaad 'n voorreg. Het jy al in verwondering voor God daarvoor gejuig?

Gebed by Psalm 123

*Soewereine God op u troon in die hemel,
kyk na ons met u genadige oë
soos ons na U kyk in nederigheid en liefde,
en vul ons siele met u vrede*

deur Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

Gebed by Psalm 57

*Tere God,
sagte beskermmer in tyd van nood,
deurbreek die duisternis van wanhoop
en gee aan ons, met al u mense,
die lied van vryheid en die jubeling van lof;
in Jesus Christus ons Here.*

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

Gebed vir die Oujaar

Hemelse Vader

Die jaar se asem is bykans op; 2018 is amper verby. Teen die spoed van een dag op 'n slag het 2018 voor ons oë verbygesnel.

Ons dank U, Here, dat U op soveel verskillende maniere gedurende die afgelope jaar in ons midde teenwoordig was:

- *Toe dit donker was, het U u hemelse lig laat skyn.*
- *Toe slegte nuus in die omgewing was, het Jesus se Goeie Nuus opgedaag.*

- *Toe geweld en chaos gedreig het om oor te neem, het u vrede getriomfeer.*
- *Toe moed en hoop weggesyfer het in die sand, het die hoop wat U bring, in 'n paar harte bly brand.*

Op wonderlike maniere het U u vingerafdrukke op ons lewens agtergelaat in 2018:

- *Toe ons gepleit het, het U op u eie maniere ons gebede verhoor.*
- *Toe ons brood by die hemel gaan bedel het, was Christus ons nogmaals genadig en het Hy van voor af met ons begin.*
- *Toe ons dors was, was Lewende Water altyd in die nabyheid.*

O Here, U was en is steeds net een gebed ver.

En nou wink 2019. Ons weet nie wat alles vir ons voorlê nie, maar ons weet U sal in die nuwe jaar met ons wees. Daarom dat ons 2019 kan omhels. Ons is nie alleen nie. Ons is nie soos mense sonder hoop nie. Alles behalwe. Ons is u duurgekoopte eiendom. Tree vir tree loop ons saam met U, wat die Pad en die Eindbestemming is. In u Naam durf ons reuse aan en loop ons deur groen weivelde.

Dankie dat U ons hoop is!

Amen.

(nav 'n skrywe van Stephan Joubert)

Om te bid vir die owerheid

Ek moet erken dat die owerheid nie hoog op my gebedslysie is nie. Ek voel nie juis goed daarvoor nie, want ek weet maar te goed dat die owerheid juis ons gebede baie, baie nodig het.

Ek gebruik as deel van my stiltetyd die daaglikse gebedsprogram van die Church of England. Ek kan dit werklik aanbeveel. Dis Skriflesings en gebede vir elke dag van die jaar, met 'n hele paar psalms elke dag. Onder andere is daar dan 'n geleentheid aan die einde waarin jy kan bid

- vir die dag en sy take
- vir die wêreld en sy behoeftes, en
- vir die kerk en haar lewe

Soos ek sê, baie sinvol. Jy kan gerus daarna gaan kyk [op hulle webwerf](#).

Een van die dinge wat my 'n tyd terug getref het toe ek die voorgeskrewe psalms lees (dit was o.a. Psalm 21) is hoe anders ek dié psalm lees as wat die Israëliete dit gelees het, en, vermoed ek, die lede van die Church of England (wat 'n koningshuis het) dit lees. As ek lees hoe die psalmdigter van die koning praat, is daar by my dadelik afstand en 'n ander verstaan van die gebed. Vir die digter gaan dit oor sy koning en die regering in sy land (en ek skat dis hoe 'n Britse burger dit vandag steeds sal lees), maar vir my is daar geen so 'n konneksie nie. Ons hét immers nie 'n koning wat oor ons regeer nie.

Maar toe ek 'n rukkie daaroor nadink, het ek besef dat dit nie nodig is dat ek diskonnekteer van die psalm nie. Ons het wel nie 'n koning nie, maar ons regering het dieselfde wysheid en leiding nodig as wat die konings van Israel nodig gehad het, en hulle het ook dieselfde taak: om regverdig te regeer en om te sien na al die landsburgers, veral ook na die armes en die weerloses.

Ek het dadelik vir die regering in al sy gestaltes gebed; iets wat ek te min doen.

Die gebedsprogram het met hierdie gebed afgesluit (wat ek vertaal het):

*Almagtige Vader,
dit is u wil dat alle dinge herstel sal word
in u geliefde Seun, die Koning van almal:
regeer die harte en gedagtes van hulle in gesagsposisies,
en bring die familie van die volkere,
verdeeld en verskeurd deur die verwoesting van sonde,
om onderworpe te wees aan sy regverdige en sagte heerskappy;
Hy wat leef en met U regeer
in die eenheid van die Heilige Gees,*

een God, nou en vir ewig.